Leipie Nuus

12-16 MAART 2018 **Nommer 8/2018**

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Program vir die week

Ma 12 Maart

Netbal:	Oefening o/8-o/9 vanaf 14:00-15:00, o/10-o/13A&B, o/12-o/13C vanaf 14:00-15:15, o/10-o/11C vanaf 15:15-16:15 Distriksproewe o/12, o/13 te Midstream
Rugby:	Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan
Musiekblyspel:	Inligtingsbrief en registrasievorm word uitgestuur

Di 13 Maart

Rugby:	Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Netbal:	Oefening o/8-o/9 vanaf 14:00-15:00, o/10-o/13A&B vanaf 14:00-15:15, o/10-o/13C vanaf 15:15-16:15 Tshwane proewe o/12, o/13 te Midstream
Skaak:	Afrigting vanaf 14:15-15:15

Wo 14 Maart

Jnr koor:	Oefening vanaf 13:40-14:30
Snr koor:	Oefening vanaf 13:50-14:50
Sosiale skaak:	Direk na skool tot 14:30 in Me Booyse se klas
KIX Klub:	Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal
Redenaars:	Interne redenaars Gr 4-5 (Afrikaans) om 18:00 skoolsaal Gr 6-7 (Afrikaans) om 18:00 mediasentrum

Do 15 Maart

Rugby/Netbal:	Wedstryde vs L/s Magalieskruin (tuis)
Redenaars:	Interne redenaars Gr 1-3 (Afrikaans) om 18:00 skoolsaal

Vr 16 Maart

Rugby:	Wedstryd o/9 vs L/s Monumentpark (weg)

Sa 17 Maart

Netbal:	GSS proewe o/12, o/13
Rugby:	Wedstryd 1ste span te Midstream
Bulletjierugby:	Wedstryde te L/s Monumentpark

Ma 19 Maart

Netbal:	Oefening o/8-o/9 vanaf 14:00-15:00, o/10-o/13A&B, o/12-o/13C vanaf 14:00-15:15, o/10-o/11C vanaf 15:15-16:15
Rugby:	Oefening o/9A&B, o/10A&B vanaf 13:50-15:00, o/11A&B, o/13B&C vanaf 15:05-16:20, 1ste span 16:00-18:00
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

BELANGRIKE DATUMS:
16 Maart: Gr 4 Suid-Kaaptoer inligtingsbrief uitgestuur
21 Maart: Openbare vakansiedag – Menseregtedag
28 Maart: Skool sluit om 10:00 vir vakansie
12 April: H/s Centurion opedag vanaf 17:00-20:00
13 Junie: L/s Louis Leipoldt Gholfdag te Centurion Gholfbaan

UIT DIE KANTOOR:
Baie dankie aan al ons ouers wat teenwoordig was en gestem het tydens die Beheerliggaamverkiesing.
Die nuutverkose lede is:
Dawid Durie, Lindy Lake-Roode, Charles Myburgh, Erna Olivier, Rohan Seymour en Lindie Strydom.
Sterkte met hierdie groot taak wat voorlê.

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)
Atletiek: Phillip v Amerom, Li-Mari Dekker en Justin v Vuuren dring deur na die finale by die Gauteng Kampioenskappe.
Li-Mari Dekker en Justin v Vuuren behaal beide 3de plekke tydens die Gauteng Kampioenskappe en gaan deelneem aan die SA Kampioenskappe.
Netbal: Baie geluk aan die o/9-o/13 spanne wat hul wedstryde teen L/s Tuine gewen het.
Die volgende speelsters dring deur na die Distriksproewe: o/12 – Lenay v Loggerenberg, Taenique Calitz, Briggitte Piepmeyer, Megan v Dyk, Alyssa v Rensburg
o/13 – Deo-moré Beukes, Jenna v Doorene, Elandri Holtzhausen
Stoei: Keegan Fourie- DRC Mpumalanga Ope Kampioenskappe – o/9 2de plek

INDIVIDUELE FOTO'S:
Die sluitingsdatum was op 5 Maart. **Bestellings kan slegs deur die skool gedoen word.** Bestellings na 5 Maart sal eers na die vakansie afgelewer word. **Geen bestellings sonder bewys van betaling.**

SENIORKOOR OUDISIES:
Na die musiekblyspel opnames word oudisies gedoen vir die koorlede vir die res van 2018. Dit is vir Gr 4 leerders en nuwe leerders in die skool vanaf 2018. Oudisies vind plaas op 26 Maart vanaf 13:50 – 15:00 in die saal. Oudisies met die oog op die ***Sing in Harmonie kompetisie***. Leerders wat op 26 Maart verkies word oefen op 27 Maart vanaf 13:50 – 15:00 saam met die lede wat reeds
verkies is. Kooroefeninge 7, 14 en 27 Maart. Opnames vir die musiekblyspel 19, 20 en moontlik 22 Maart. Gr 4-7 leerders moet tot 14:30 beskibaar wees.

TELEFOONOPROEPE VANAF DIE KANTOOR/WAGTYD IN DIE KANTOOR:
Geen leerder mag vanaf die kantoor bel nie. Tref asb reëlings tuis. Ouers moet asb ook nie met leerders reël om in die kantoor te kom wag om hulle 'n sekere tyd af te haal nie. Leerders verloor baie werk sodoende. Indien 'n leerder afgehaal moet word, moet ouers die leerder kom uitteken in die kantoor waarna die leerder dan geroep sal word.

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

Fondsinsamelings vir 'n pawiljoen begin in 1969 – onder andere met koekverkopings pouses. Die koste beloop ongeveer R5000-00. Die pawiljoen word op 2 Februarie 1970 in gebruik geneem.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 1475705

TOEDIEN VAN MEDIKASIE:
Ouers moet asb kennis neem dat ***geen medikasie*** deur die kantoorpersoneel aan leerders toegedien mag word nie. Ouers mag medikasie met 'n toestemmingsbriefie saamstuur (ook hoeveel en hoe laat dit toegedien moet word). By graad R – 3 leerders sal die personeel help om dit toe te dien en dit in die klas bewaar. Ouer leerders moet dit self neem. In ander gevalle van ongesteldheid sal die ouers geskakel word.

TENNIS RONDOMTALIE DATUMS:
o/10 = 16 Maart
o/11 = 23 Maart
o/12 = 13 April
o/13 = 20 April

FINANSIES:
Ons versoek dat ouers asb die korrekte verwysing gebruik vir die inbetaling van gelde in die skool se rekening. Stuur asb ook bewys van betaling na die korrekte epos adres: finansies@louisleipoldt.co.za debiteure@louisleipoldt.co.za

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

ATKV REDENAARS:
Leerders wie se toesprake voldoen aan die vereistes van die ATKV moet nou hard leer om dit onder die knie te kry. Daar moet 'n tema, onderwerp en drie duidelike argument wees. Leerders is welkom om tydens pouses by Me Snyman te gaan oefen. Op 12 Maart moet al die deelnemers hul toesprake uit die kop ken, anders sal hulle nie mag deelneem nie.

OUERS OP DIE SKOOLTERREIN:
Ons doen 'n beroep op u om by die wag in te teken indien u die skool besoek gedurende skoolure, en dan by die kantoor aan te meld. U kan nie net op die skoolterrien rondbeweeg gedurende skoolure nie, aangesien dit probleme skep met die sekuriteit van ons kinders. Ter wille van veiligheid mag leerders geen items deur die heining van enige persone neem nie.

SMOUSE:
Indien daar smouse rondom die skool beweeg in die middae, moet u dit asb aanmeld by die kantoor sodat ons kan optree. Ons vra ook dat u hulle nie sal ondersteun nie.

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie **Makro** en **My School** kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n **My Schoolkaart**. U ontvang dadelik u **My School kaart.** Indien u reeds 'n **Makrokaart** het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in **Makro** doen, dit is 'n vinnige proses.

PARKERING VOOR HEKKE:
Ons doen 'n dringende versoek op ouers om nie voor die toegangshekke te parkeer indien u leerders op-/aflaai nie. Personeel kan nie by hekke in of uit beweeg nie, en ander verkeer word ook ontwrig. Gebruik asb slegs die gemerkte parkerings.

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____
(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER